Attorneys' function

A function was held at the end of last year by the PE Bar at the St Georges Cricket Ground with a view to entertaining attorneys, nurturing the professional relationship between the Bar and the attorneys' profession and (unofficially) securing briefs from intoxicated and vulnerable attorneys. The dignitary for the evening was Willem van der Linde SC and the locals were delighted to have an opportunity to fraternise with him.

Miscellaneous

The reception area of Chambers has moved from the 7th floor of our building to the 3rd floor. Not only has the drop in altitude made Julia's office more accessible but it has had the added benefit, at the date of going to press, of keeping distraught members away from dangerous heights during the period of South Africa's dismal start to the World Cup.

Two members, Barry Pienaar and Hendrik van der Linde SC, completed the Herald Cycle Tour of 105km in February 2003. Barry will be competing in the Argus in Cape Town in March while rumour has it that Hendrik has set his sights on the *Tour de France*.

Grahamstown

Contributed by Izak Smuts SC

The Grahamstown Bar is justly proud of the appointment of two of its former members, Judges CT Howie and L Mpati as president and deputy president respectively of the Supreme Court of Appeal.

After a wait of nearly twelve months, Ben Ford was eventually awarded letters patent, and we congratulate him, not least on his patience.

At the annual general meeting of the Eastern Cape Society of Advocates, Ben Ford SC, Richard Brooks, Gerald Bloem and Bevan Boswell were elected as Grahamstown representatives on the Bar council, while Sunil Rugunanan was elected honorary secretary. Grahamstown representation at the Bar dinner held after the AGM, at which Judge Lionel Melunsky was the guest speaker, was both numerically and vocally significant, and Ntsiki Sandi's junior speech, in the form of a fine impersonation of former President Nelson Mandela, will be remembered for many years.

The Grahamstown Bar, which remains an all-male enclave, is struggling to adapt to no fewer than three female pupils this year, with one isolated male completing the complement. *O tempora, o mores!*

Pretoria

Bygedra deur Henk Havenga

Verwerwing van senior status

JF (John) Mullins SC

John Finbarr Mullins was born on 12 May 1958. He matriculated at Pretoria Boys' High School in 1975, obtained his BProc degree through Unisa in 1979 and was admitted as an attorney in February 1980. He practised as an attorney until 1989, obtaining his LLB degree (Unisa) in 1981. He joined the Pretoria Bar in 1990. Married to Glenda, he has three children, Ryan, Sean and Erin. His interests outside the law are his family, reading – particularly history – and insisting that the travails of the Springbok rugby team are merely a temporary downturn.

JG (Bertus) Bergenthuin SC

Johannes Gysbertus Bergenthuin is op 25 Junie 1957 in Pretoria gebore en matrikuleer aan die Hoërskool Staatspresident CR Swart in 1974. Daarna behaal hy die grade BA (Regte) (1977), LLB (1979), BA Honneurs (Latyn) (1981), en LLD (1985) aan die Universiteit van Pretoria. Hy doseer Strafreg as lektor aan Unisa in 1982 en dien daarna vanaf 1983 tot 1986 as lektor en mede-professor in Privaatreg aan die Universiteit van Pretoria. Gedurende 1984 het hy navorsing gedoen aan die Max Planck *Institut für Ausländisches und Internationales Strafrecht* te Freiburg in Wes-Duitsland. Hy is in 1980 toegelaat as advokaat en sluit aan by die Pretoria Balie gedurende Maart 1986, eers as geassosieerde lid, en vanaf Januarie 1987 as 'n voltydse lid. Bertus is ook 'n fietsryer, hengelaar en boer. Hy is getroud met Andrinette. Hulle het 'n dogter van 15 en 'n seun van 10.

DE (Danie) van Loggerenberg SC

Daniël Elhardus van Loggerenberg is op 25 Junie 1955 te Meyerton, Gauteng, gebore. Hy matrikuleer aan die Hoërskool Dr Malan te Meyerton en behaal die grade BIuris LLB (PU vir CHO) en LLD (UPE). Hy was voorheen professor en hoof van die Departement Formele Reg, Universiteit van Port Elizabeth. Hy word lid van die Pretoria Vereniging van Advokate op 1 Februarie 1990 en is tans redakteur van *Jones & Buckle: The Civil Practice of the Magistrates' Courts in South Africa* en mede-redakteur van *Erasmus: Superior Court Practice*. Danie is getroud met Erica Swanepoel en het twee seuns wat aan die Universiteit van Pretoria studeer. Danie bring graag sy vrye tyd in die natuur deur en is lief vir sportmotors.

MM (Mervyn) Rip SC

Mervyn Rip was born on 2 December 1959 in Cape Town. After his parents moved to Pretoria, he attended Waterkloof Primary School and Pretoria Boys' High School. He obtained his BLC degree at the University of Pretoria. At the end of 1980 he commenced employment as a judge's registrar. He obtained his LLB degree through Unisa whilst employed as registrar. Rip joined the Pretoria Bar in January 1986. He is married to Laura and has three children aged 20, 16 and 14. He is a keen reader of history, and enjoys the outdoors and travelling. He has been a member of the Round Table Organisation for thirteen years during which time he was the chairman of his Round Table branch on three occasions. He served for three years on the national council in various positions, and also visited Norway as the South African delegate to the International Conference. He has attended international conferences in Switzerland and the United Kingdom.

P (Pat) Ellis SC

Patrick Ellis was born in Pretoria on 26 August 1956.

He matriculated at Hoërskool Staatspresident CR Swart in 1974. He obtained the degrees BA(Law)(1977) BA(Hons)(Latin) and LLB (1979) at the University of Pretoria, and LLD(1987) at the University of Port Elizabeth. He started his career as filing clerk in the Pretoria Magistate's Court, and later became a public prosecutor. From 1983 to 1987 he served the Department of Justice as law adviser to the South African Law Commission. He has been a member of the Pretoria Bar from 3 August 1987. He is married to Elna and they have four children, the eldest of whom is a third year law student at Tukkies. Hobbies include hiking and scuba diving.

JLM (Kobus) Snijmann SC

Senior status is op 30 Desember 2002 verwerf deur Kobus Snijmann van die Pretoria Balie. Hy matrikuleer in 1993 aan die Hoërskool Delmas. Na afloop van sy militêre opleiding in die spesmagte in Januarie 1976 begin hy sy studies aan Unisa terwyl hy by die Departement van Justisie in Pretoria sy opleiding as aanklaer ontvang. Hy verwerf die BProc graad (Unisa) in 1979 en begin met sy leerklerkskap terwyl hy sy LLB-studies (Unisa) in 1982 voltooi. In 1983 word hy toegelaat as prokureur en praktiseer in vennootskap tot 1987. Gedurende Julie 1987 sluit hy by die Pretoria Balie aan waar hy sy pupilskap doen en begin in Januarie 1988 praktiseer. Sy belangstellings is gholf, skubaduik en skaak.

25 jaar by die Balie

Aan die einde van 2002 het 'n verdere sewe lede van die Pretoria Balie die mylpaal bereik om 25 jaar as advokate te praktiseer:

HJ (Hennie) de Vos SC

Hennie de Vos is op 17 Februarie 1950 in Johannesburg gebore en het naby Tzaneen groot geword. Hy het sy LLB in 1974 by Kovsies behaal en het reeds vanaf 1972 as aanklaer begin werk in Bloemfontein. Hennie het vir twee jaar by die Prokureur-Generaal in Pietermaritzburg gewerk. Nadat hy in 1976 oorgeplaas is na Pretoria, het hy in Julie 1977 sy pupilskap voltooi onder Nollie Erasmus, later regter in Kimberley. Hy verwerf senior status in 1992 en spesialiseer veral in straf- en kommersiële reg. Hy het ook uitgebreide belange buite die Balie en sy belangstellings sluit in boerdery met, onder meer, beeste, graan en wild.

JP (Paul) Barnard

Paul is op 13 Junie 1942 in Humansdorp gebore en as seun van 'n landdros het hy nie minder as elf skole in drie provinsies bygewoon nie. Hy het sy matriek in 1960 geslaag aan die Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria en het daarna sy BA en LLB-grade by Tukkies verwerf. Hy werk vir etlike jare as staatsaanklaer, streekhofaanklaer en staatsadvokaat. Hy het vir die eerste keer op 6 April 1972 by die Pretoria Balie aangesluit en gepraktiseer tot 1989 toe hy bedank het. Hy het daarna weer op 1 Februarie 1994 as lid aangesluit. Paul is 'n vurige ondersteuner van die Blou Bulle en is ook 'n liefhebber van klassieke musiek.

GL (Gerrit) Grobler SC

Gerrit is op 28 April 1946 gebore en behaal die grade BJuris Artium, LLB en LLM aan die PU vir CHO. Vanaf 1971–1972 is hy 'n senior lektor in Privaatreg aan die Universiteit van Port Elizabeth en daarna vanaf 1973–1974 'n senior lektor aan die PU vir CHO in Privaatreg, Romeinse Reg, Internasionale Privaatreg en Eiendomsreg. Hy het sy leerklerkskap in 1976 voltooi en is in Januarie 1977 toegelaat as prokureur. Gerrit het op 8 Februarie 1977 by die Pretoria Balie aangesluit en het senior status verwerf in 1991. Hy is bekend as 'n spesialis in onder meer waterreg, onteieningsreg, minerale reg en verwante velde. Gerrit speel 'n aktiewe rol in Baliesake en sy wye belangstellings sluit in 'n liefde vir en kennis van musiek. Hy is ook 'n ywerige en suksesvolle beesboer. Gerrit speel 'n aktiewe rol in die opleiding van pupille en tree ook gereeld as gasspreker op by opleidingseminare vir regsgeleerdes. Die hoogtepunt in Balieraadslede se ampstermyn is 'n uitnodiging na Gerrit se plaas Kranspoort langs die Wilgerrivier. Gedurende die naweek van 21–23 Februarie 2003 het hy die uittredende Balieraad weer daar getrakteer.

HVR (Henk) Woudstra SC

Henk Woudstra SC het op 1 Maart 1977 by die Pretoria Balie aangesluit. Hy was voorheen verbonde as 'n vennoot aan die prokureursfirma Vorster & Prinsloo. Op die tydstip toe hy aangesluit het by die Balie in die Nedbankgebou in Pretoriusstraat, was daar ongeveer 75 praktiserende advokate. Daar was twee vereistes waaraan jy moes voldoen voordat jy in die teekamer toegelaat kon word: eerstens moes jy jouself aan al die teenwoordige lede voorstel, en tweedens moes jy altyd 'n das en baadjie aan hê. Gelukkig het die moderne advokate reeds lankal van hierdie vereistes afgesien. Henk het vir baie jare krieket en sokker vir die Baliespanne gespeel en die meeste genot daaruit geput om te kyk hoe ander lede swaarkry terwyl hulle brug speel. Hy het in 1989 senior status verwerf.

JJ (Seef) le Roux SC

Seef is op 1 Oktober 1946 in Koster gebore waar hy ook sy laer- en hoërskoolloopbane voltooi het. Hy het daarna die graad BA aan Tukkies verwerf en sy LLB by Unisa. Hy het ook 'n nagraadse *Diploma in Company Law* aan die Universiteit van die Witwatersrand verwerf. Voordat Seef by die Balie aangesluit het, was hy vir etlike jare 'n prokureur in Klerksdorp. Hy het op 17 September 1977 by die Pretoria Balie aangesluit en sy pupilskap onder Chris Beyers voltooi. Senior status is op 7 Februarie 2001 aan Seef toegeken en vroeër vanjaar het hy besluit om na die platteland te verhuis. Hy praktiseer tans in Nelspruit as geaffilieerde lid van hierdie Balie en is woonagtig op Witrivier. Hy geniet die lewe in die Laeveld terdeë. Seef het 'n besondere belangstelling in musiek.

MC (Mike) Maritz SC

Mike matriculated in 1968 at Grey College. After completing his military service in the navy, he studied at the University of Pretoria and later on at Unisa. During his years of part-time study he worked as a prosecutor in the magistrates' and regional courts in Pretoria for a period of two years. He also worked as a judge's clerk to the late Judge Paul Human, and served articles with the then Pretoria firm of Van der Merwe & Gildenhuys. He was admitted to the Bar in

1977 and commenced practice as a member of the Pretoria Bar in September 1977. He was awarded silk ten years later at the age of 37. He represented the Bar on the first Rules Board. He has completed a number of Comrade marathons and, more recently, Argus cycle tours. He has, over many years, been a regular member of the Pretoria Bar cricket side. He also enjoys golf, the odd game of squash and tennis, scuba diving, trout fishing, and tries his hand at painting when on holiday.

Mike is married to Annette and they have five children, three of whom are in the legal profession in Pretoria.

PP (Peet) Delport SC

Peet Delport is op 16 Januarie 1942 in Molteno gebore en het ook in 1959 sy matriek aan die Hoërskool Molteno behaal. Die studiebeurs wat aan hom toegeken is, het gestipuleer dat hy aan die Universiteit van Pretoria moet studeer en hy is sedertdien 'n inwoner van Pretoria. Peet het in 1965 sy LLB behaal en was gedurende die laaste twee jaar van sy studies ook 'n studente-assistent by Unisa se Fakulteit van Regsgeleerdheid. Na 'n kort tydperk as aanklaer, het hy sy toelatingseksamens as prokureur, notaris en aktevervaardiger afgelê en vanaf 1967 tot Desember 1977 as prokureur gepraktiseer. Peet Delport is op 20 Desember 1977 as advokaat toegelaat en het ook op daardie dag lid geword van die Pretoria Balie. Hy het in April 1988 senior status verwerf en spesialiseer in die delikte- en kontraktereg, met besondere belangstelling in persoonlike beserings en mediese nalatigheid. Peet was vir baie jare lid van die Pretoria Rugby Klub en het tot op die ouderdom van 32 jaar harde rugby gespeel, eers as flank en, soos hy sterker geword het, het hy gevorder tot in die voorry. Soos baie ander lede van die Balie stel hy ook belang in boerdery, en hy was een van die eerste lede van die Balie wat met wild begin boer het. Sy wildsboerdery op 'n plaas tussen Warmbad en Nylstroom is terselfdertyd ook sy stokperdjie en een van sy vernaamste tydverdrywe.

Lidmaatskap

Die ledetal van die Pretoria Balie het die afgelope jaar gegroei. Vyf en vyftig nuwe lede het aangesluit waarvan 44 pupille was wat die eksamen suksesvol afgelê het. Gedurende die jaar het 17 lede bedank en daar is tans 429 lede wat in die High Court Chambers, Nuwe Hof Kamers en in Brooklyn praktiseer. Die Vereniging het drie erelede (waarvan een praktiseer) en vyftien geassosieerde lede. Daar is tans 41 nuwe pupillede.

Waarnemende aanstellings

Vanaf 1 Oktober 2002 tot Februarie 2003 het die volgende lede as regters waargeneem:

CD de Jager SC
P le R van Wyk SC
HJ Fabricius SC
MM Jansen SC
RD Claassen SC
JP Vorster SC
PC van der Byl SC
LM Molopa
LJL Visser SC
C Pretorius

Sportprestasies

Nick Louw het gedurende die afgelope jaar die besondere prestasie behaal om deel te wees van die 4-span wat as nasionale kampioene geseëvier het by die SA Rolbal kampioenskappe wat in Johannesburg gehou is. Sy span het die vorige jaar se kampioene, asook die span van die voormalige wêreldkampioen Bill Mosley, verslaan. Nick het ook reeds vantevore provinsiale kleure in gholf en tennis behaal, maar sê dat rolbal nou sy gunsteling sport is en dat dit hoog aanbeveel word vir oud en jonk. "Dit is 'n wanpersepsie", sê hy, "dat rolbal net vir ouer persone bedoel is. Die huidige SA enkelspelkampioen is maar een-en-twintig jaar oud."

Willem van Drimmelen die man met die mooi stem wat nie baie van gholf af weet nie, het ook baie ander talente. Hy is lid van 'n hengelspan wat vir die tweede agtereenvolgende jaar die Frik du Preez hengeltoernooi gewen het. Hy is ook voorsitter van die Pretoria Skaapkop-en-Afval Gilde. Sy span het onlangs die SA Kampioenskappe gewen en hulle gaan ook internasionaal meeding (meer hieroor in die volgende uitgawe).

Johannesburg

New silks 2002

Contributed by Craig Watt-Pringle SC, Johannesburg Bar

The relatively large number of members taking silk in 2002 arises from the fact that it includes members recommended for silk by the Johannesburg Bar Council in both 2001 and 2002.

Fanie Grobler obtained the degrees of BJuris (1977) and LLB (1979) at Potchefstroom University whereafter he obtained an LLM (Property Law) degree in 1989 at the University of the Witwatersrand as well as an LLM (Dissertation). He is an honorary member of the South African Institute of Valuers.

Stephanus Jacobus Grobler

He practised as an attorney at Gildenhuys & Liebenberg where he was a director until 1994. He commenced practice at the Pretoria Bar in 1986 and became a member of the Johannesburg Bar in 1995. Fanie took silk on 7 May 2002.

He is married to Dalene and they have two daughters.

Rosalind Ray Rosenberg

Ros Rosenberg obtained her LLB degree from Unisa in 1978 and was awarded the Voet Medal for academic excellence. She commenced full-time practice at the Johannesburg Bar on 6 June 1978 and became a fellow of